

31 Januarie 2019

Beste Voortrekkervriende,

Baie welkom in 2019!

Die jaar is volstoom aan die gang en die gedagtes aan die somerkersefees; lang sonskyn vakansie; kersgeskenke en familie-kuiers is nou aangename herinneringe.

Ons gaan in 2019 voort om saam te bou aan die voortrekker kultuurgrense, loopbaanplanne, spesialisasies, en nog vele meer om voortrekker-wees vir ons jeuglede op grondvlak vol pret en avontuur te maak!..

Ons pad het reeds met die Voriesaamtrek begin en Ds Willem Boshoff het die naweek se verrigtinge geopen met Ps 121, "Ek kyk op na die berge, waarvandaan sal daar vir my hulp kom?". Aan die begin van die jaar is daar gewoonlik baie onsekerhede, nuwe omgewings, veranderinge wat plaasvind en selfs spanning. Maar as ons opkyk na die berge, weet ons dat ons hulp van die Here kom. Neem hierdie belofte in elke taak wat jy aanpak, want sonder Sy hulp en krag sal ons die uitdagings van die jaar kán aanpak en kan baasraak.



Ons tema vir die jaar is:

In al die aktiwiteite vir die jaar, hou die volgende in gedagte:

Dink – aan dit wat jy hierdie jaar met jou span, kommando, kamp ens wil bereik;

Reik uit – na die mense rondom jou;

Onthou – die lesse geleer uit die verlede;

Ontgin – nuwe vaardighede, kennis en avontuurlike aktiwiteite;

Motiveer – mekaar om moue op te rol en oor te gaan tot aksie.

Ons grootste doem bly steeds om 'n verskil te maak in ons voortrekkerjeug!



Die jaar het begin met die Voriesaamtrek waar daar geleer, gedeel en saamgepraat is. AGL Dirk het die naweek ingelei met die volgende stelling...

Trap die brieke . . . dat ons so bietjie vinniger kan ry!

Hoe trap ons breek en gaan vinniger? Dit is daardie “dink” aksie waar ons kan stilstaan en stil word. In Rick Warren se boek, “Living with Margin” word vyf maniere gedeel waarop ons bietjie spoed kan verminder om weer te kan asem skep sodat ons vinniger kan ry.

Neem dus die volgende saam in die jaar:

1. Wees Tvrede	<i>Ek sê dit nie omdat ek te min het nie. Ek het geleer om tevrede te wees met dit wat ek het.</i> Fillipense 4:11	Leer om meer tevrede te wees. Kies om besig te wees met dinge wat jou motiveer.
2. Sê Nee	<i>Jy stel vir jouself 'n strik as jy oorhaastig iets aan die Here wy en agterna eers besef wat jy belowe het.</i> Spreuke 20:25	Sê meer gereeld “Nee”, en sê eerder “Ja” vir 'n groot projek/aksie. As jy belowe het om iets te doen, besluit ook wat jy gaan opgee (waarvoor jy gaan ‘nee’ sê).
3. Weeklikse Sabbat	<i>Maar die sewende dag is die Sabbatdag van jou God die Here. Dan mag jy niks werk doen nie.</i> Eksodus 20:10	Kies een dag om Sabbat te vier en spandeer die dag saam met God en jou gesin om geestelik verfris te raak.
4. Vertrou God se tyd	<i>Ek sal jou iets wys, dit sal kom op die regte tyd. Dit sal gebeur, dit is seker. As dit nie gou gebeur nie, dan moet jy wag, want dit sal gebeur.</i> Habakuk 2:3	Vertrou God se tyd is die beste tyd. Kyk op na die berge en vertrou op God se hulp.
5. Gebruik liefde as filter	<i>Julle moet altyd lief wees vir ander mense, soos Christus lief was vir ons. Hy het gesterf sodat ons kan lewe. Hy was 'n offer vir God, 'n offer waarvan God gehou het.</i> Efesiërs 5:2	Meet alles waarmee jy besig is teen die groot gebod van liefde vir God en liefde vir jou naaste.



Die jaarprogramme is propvol aktiwiteite. Die Transvaal webblad (<https://transvaal.voortrekkers.co.za>) en facebook kennisgewings bevat inligting van die aktiwiteite wat reeds in die beplanning is vir hierdie kwartaal en die Maart vakansie.

Geniet elke aktiwiteit, maar trap soms 'n bietjie briek, sodat ons vinniger ons droom kan bou!

Groetnis tot ons weer gesels.

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 – zandra@voortrekkers.org.za)

Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 – elsies1@afrihost.co.za / admin@voortrekkers.org.za)

Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 – anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)

Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)

Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine.wheeler@sabs.co.za)

Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 – jaco.vn.dr.walt@gmail.com)

Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 – vdbergdj@mweb.co.za)

